

ANB NUUSBRIEF

Augustus 2014

Amptelike spreekbuis van die Afrikaner Nasionalistiese Beweging

Nommer 51



LANK LEEF BLANK SUID-AFRIKA!

Afrikaners moet terugdraai na die beginsels wat in die eerste plek verantwoordelik was vir die triomf van Afrikanernasionalisme. Dít was die sentrale tema van die ANB se Republiekfees op 31 Mei vanjaar.

Getrou aan die tradisie en die geskiedenis het die ANB vanjaar weer die herdenking van die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika gevier. Die Republiek van Suid-Afrika het vanjaar reeds sy 53ste bestaansjaar herdenk en dié geleentheid is uit beginsel vir die ANB 'n baie belangrike volksfees, aangesien Republiekwording in 1961 die kroon gespan het op die nasionalistiese stryd wat oor eeue heen deel was van die Afrikaner se vryheidstrewer.

Op 31 Mei was daar vroegdag 'n aangrypende vlagseremonie deur jeuglede van die ANB, waarna die verrigtinge amptelik uit die Bybel geopen is deur ds. Boeta Erasmus.

Hierna is feesgangers getraakteer met 'n geskiedkundige tablo, wat aangebied is onder leiding van mev. Rentia de Villiers. Die tablo het weer in woord en beeld die stryd van Afrikanernasionalisme herdenk, wat uiteindelik in 1961 al sy terugslae oorkom en sy vyande verslaan het om die magtige Afrikanerrepubliek tot stand te bring. Gaste by die fees se geheue is verfris oor die opofferinge en ontberinge van ons voorvaders ter wille van die stryd waaraan hulle geglo het. Die sterk goue draad van die Afrikaner se geloof en sy godsdiens, wat deurentyd die belangrikste pilaar was waarop die stryd gebaseer is en die suiwerheid van beginsels, waarmee die Afrikaner sy vyande deur die loop van die geskiedenis getroef het, is ook uitgebeeld.

Na hierdie tablo en verversings het mnr. Dirk Joubert van Tzaneen die feesgangers toegesprek. Mnr Joubert het elke toehoorder weer besiel vir die stryd deur die kernwaardes van ons volk te beklem-

toon en uiteindelik aan te dui dat die volk geen keuse het as om terug te keer na hierdie waardes as ons daarin wil slaag om ons vryheid te herwin, wat deur verraad van ons beroof is nie.

Hy het ook, soos in die tablo, die klem laat val op die belangrikheid van die Afrikaner se beginsels, asook sy kultuur en godsdiens in die stryd. Hy het 'n beroep gedoen dat Afrikanerkinders weer trots gemaak moet word op hul kultuur, hul ras en hul taal, sodat nasionalisme kan groei en sodat die trots van nasionalisme soos suurdeeg op die gemoed van die volgende geslagte Afrikaners kan inwerk.

Joubert het daarop gewys dat die geskiedenis ook leer dat getalle nie saakmaak in die stryd van nasionalisme nie en dat sake oornag kan verander, solank daar nog Afrikaners is wat die beginsels van die stryd suiwer hou.

Hy het verder ook beklemtoon dat die Afrikaner se geloof versterk moet word en dat Afrikaners weer die implikasie moet beseef van ons geloof dat God ons met 'n doel hier aan die suidpunt van Afrika gevestig het. In hierdie lig het Joubert sy boodskap afgesluit met 'n aanhaling uit 'n toespraak van dr. DF Malan, wat op 16 Desember 1949 by die inwyding van die Voortrekkermonument gelewer is: "*Afrikaner, Quo Vadis, waar gaan jy heen? Staan dan stil, en draai terug! Terug na u volk; terug na u volk se hoogste ideale, terug na die pand wat ook aan u toevertrou is om te bewaar; terug na die volks-altaar waarop u u offers moet lê, en as dit geëis word ook uself as 'n offerande; terug na u Christelike wandel; terug na u Christelike Geloof.*" ■

DIE ANB SE REPUBLIEKFEES IN BEELD



Die gasspreker op vanjaar se ANB Republiekfees was Dirk Joubert van Tzaneen. Hy het feesgangers geboei met sy ontleding van die nasionalistiese stryd vir die verkryging van die Republiek, asook sy boodskap van hoop vir die toekoms van die Republiek.



Carel van der Grijp, ondervoorsitter van die ANB (links) in aksie tydens die tablo wat opgevoer is by die ANB se Republiekfees in Centurion. Regs is sy seun, Willie van der Grijp, wat ook deelgeneem het aan die tablo.



Ds. Boeta Erasmus van Wolmaransstad (regs) het die opening waargeneem, terwyl verskeie feesgangers die opening en vlagparade bygewoon het (bo).



Petria Zeevaart se vioolspel was een van die hoogtepunte tydens die tablo en samesang op die ANB se Republiekfees.



Die ANB se Republiekfees is oudergewoonte afgeskop met 'n plegtige vlagparade waartydens die Republiekvlag en die ANB se amptelike vlag gehys is deur jeuglede van die beweging. Regs is die offisier in beheer van die seremonie, Emil de Villiers.



Die twee musiekale susters, Lydia Zeevaart (links) en Rentia Erasmus (regs) het deelgeneem aan die tablo en samesang. Lydia begelei haar suster hier op die klavier terwyl Rentia 'n solo-sangitem uitvoer.

DIE VOLK SÁL BESTAAN!

Waar daar huidig daaglik aanslae teen ons volk se voortbestaan is, is dit gebiedend noodsaaklik dat ons terugverwys na ons verlede. Hiernaas volg 'n telegraafstyl opsomming van 'n artikel oor die geskiedenis van ons volk, geskryf deur **CHRISTINA VORSTER**.

Dwarsdeur die Afrikanervolk se 362 bestaansjare loop 'n duidelike golwende lyn: Dié volk mág nie bestaan nie ~ die volk sál bestaan. Ons moet besef: in die oorsprong én in die gang van sy geskiedenis, lê die sleutel van sy toekoms.

Die besluit van die Here Sewentien om 'n verversingspos aan die Kaap te vestig, had tot gevolg die ontwikkeling van 'n Dietse volksgemeenskap met duidelike Calvinistiese eienskappe aan die Suidpunt van Afrika.

Stryd is lewe. Oppertunistiese Kompanjie-amptenare wat hulself verryk ten koste van die boere, word deur middel van klagskrifte en afvaardigings beveg. Uiteindelik word hulle egter deur die totaal onsimpatieke houding van die Kompanjie genoodsaak om alle bande daarmee te verbreek.

In 1795 neem Brittanje die Kaap in besit en gebruik onregverdiglik gewapende Hottentot-soldate teen die Boere. Dis opstaan of ondergaan, en dit lyk of die uitslag van die Slagtersnek-Rebellie die einde van die volk kan beteken. Vyf Afrikanerleiers word opgehang, en wéér gehang.

Met getalle-oorwig word volksbestaan verder bedreig: Britse Setlaars word ingevoer en die Hottentotte en slawe vrye teuels gegee. Uiteindelik val 15 000 Xhosas die kolonie binne en daar is kwalik meer 'n bestaan te voer. Nie eers die *Cape of Good Hope Punishment Act* kan keer dat die volk die kolonie verlaat nie.

Silkaats en sy Matebele-impis en Dingaan se Zulu-impis neem (volgens Engelse voorskrif) aanstoot aan die nuwe intrekke. Dure offers word betaal by Vaalrivier, Hlomo Amabutha, Bloukrans en Weenen en dit het die jong volk byna uitgewis.

By die Slag van Bloedrivier stuit die woeste oormag teen God's bestiering. Dit val nie in Brittanje se smaak nie en uiteindelik annekeer hy Port Natal. Toe Britse offisiere boonop Zulu's omkoop om te moor en te molesteer, word alle hoop om die Republiek Natalia te herstel vernietig.

Oorkant die Drakensberg word die Vrystaat behoorlik fyngevyf tussen Brit, Basoeto en Griekwa. Die invoer van die Boere se ammunisie word verhinder, maar terselfdertyd word wapens verskaf aan die Basoeto's, om onbeskermdede plase aan te val. Vrystaatse diamantvelde word deur Brittanje ingepalm.

Ook in Transvaal word ingemeng na spoelgoud ontdek word en weldra hys Shepstone die Engelse vlag in Potchefstroom. Geen afvaardiging of referendum kan Transvaal se onafhanklikheid herstel nie. Die Slag van Majuba laat Engeland egter verleë en gereed om te onderhandel.

In die Kaap-kolonie stig agt dapper man die Genootskap van Regte Afrikaners, maar die meerderheid kolonialers laat hulle lei deur die Afrikanerbond, en meng met Engelsman en Kleurling.

Paul Kruger, eerste president van die herstelde Zuid-Afrikaanse Republiek, slaag op 8 Augustus 1884 daarin om die volledige onafhanklikheid van die Transvaal te herstel. Dog, die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, lok Brittanje weereens nader.

Toe Rhodes se plan, die Jameson-inval misluk, besluit Milner om oorlog af te dwing. Geen toegewings van Pres. Kruger se kant kan verhinder dat die oorlog op 10 Oktober 1899 uitbreek nie.

Die Vrystaat, Transvaal en 'n groep dapper Kolonialers staan saam teen die magtige Albion. Onder Kitchener se "*Verskroeiende aarde*"-beleid word duisende vroue en kindertjies gejag soos diere, om in kampe te verhonger, hul mans weggevoer na afgeleë eilande, hul dorpe en plase verwoes.

Uiteindelik speel verraad 'n groot rol in die totstandkoming van

die Vrede van Vereeniging. Onder dwang lê baie die eed van getrouheid af. Verhonger en verarm, moet die boervolk boonop die las van Britse oorlogsskuld dra.

1910. Die Unie van Suid-Afrika bly maar vas aan die voorskootbande van Haar Majesteit. Tydens die Eerste Wêreldoorlog weier die volk dat Afrikanerseuns Britse kanonvoer word. Dis gewapende verset: die 1914-Rebellie. Aan die wêreld word getoon, aldus Genl De Wet: "*...dat daar nog in Suid-Afrika ten minste 'n paar duisend manne is wat hul God, hul geskiedenis en hulself nog nie vergeet het nie.*"

Die na-oorlogse jare lei tot meer swaarkry en slawerny, veral aan die Rand. Dog, met nuwe gees van volks-samehorigheid, kom die Nasionale Party van genl. Hertzog in 1924 aan bewind.

Afrikaans kry amptelike erkenning en Suid-Afrika sy eie vlag en Volkslied, Die Stem.

Maar bowenal: die Bybel en Psalms in eie taal!

In 1938 word die Groot Trek herdenk en onder leiding van die Ossewabrandwag, luisterryk volksfees gevier. Maar met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog vind die Tweede Rebellie plaas. Dog, ten spyte van broederverraad en hartseer, word hegte bande gesmee. Eindelik, in 1948 neem dr DF Malan se Nasionale Party weer die bewind oor.

Opnuut word leuens oor onderdrukking deur die Engelse koe-rante verkondig. Die tyd word ryp om die groot stap te neem. Op 31 Mei 1961, breek Dr HF Verwoerd finaal die bande met Engeland. Die Zuid-Afrikaanse Republiek met eer afgestaan, die Republiek van Suid-Afrika met eer herstel.

Ofskoon Suid-Afrika voldoende bewys lewer dat Afsonderlike Ontwikkeling vredsames naasbestaan waarborg, neem Engelse haatgesang steeds toe. "*Die messe is uit...*" Verwoerd moet weg.

Die dood van Dr Verwoerd op 6 September 1966, is die voorspel tot die dood van die Republiek van Suid-Afrika in 1994.

Ter wille van kortstondige skyn-voorspoed, begewe die Afrikanervolk hom op die pad van toegewings en verraad agter John Vorster, PW Botha en FW de Klerk aan.

Jaap Marais waarsku teen die verborge ANC agenda: "*...the complete destruction of the Afrikaner race, language, culture and even religion...*"

Die volk hou hom doof.

Nou is dit 2014. "*Ontwapen, verslaan, ons land vergaan; En alles... alles sonder traan?*"

Die Afrikanervolk is besig om sy oorsprong te vergeet.... sy God te vergeet. Maar God vergeet nie.

Paul Kruger se woorde was: "*Salisbury sê: Die volk mag nie bestaan nie; maar God sê: Die volk sal bestaan! Wie sal dan wen? Tog sekerlik die Here!*"

Redaksionele Naskrif:

Die volledige artikel kan op die ANB webwerf afgelaai of gelees word. (<http://anbsa.co.za>) As u nie toegang tot die internet het nie kan 'n kopie by die ANB sekretaris aangevra word.

Die ANB het ten doel om die tendens van Volkselfmoord te stuit met die aanwakkering van Christelike Afrikanernasionalisme. Kom deel in hierdie stryd vir die oorlewing van ons volk – ons skuld dit aan ons voorgeslagte wat met hul bloed en lewens betaal het.

SOWETODAG EN DIE FEITE

Jaarliks, veral rondom die tyd wat Jeugdag of “Sowetodag” deesdae gevier word, word Dr. HF Verwoerd en ons as Afrikanernasionaliste in die beskuldigde bank geplaas. Die aantygings word gemaak dat Dr. Verwoerd die Swart bevolking in 'n ondergeskikte posisie probeer hou het deur minderwaardige onderwys en dat Afrikaans op hulle afgedwing is. **JOUBERT ROUSSEAU**, 'n voormalige direkteur-generaal van Bantoe-onderwys, wat sy loopbaan van 1944 tot by sy aftrede in 1982 gewy het aan Swart onderwys het jare gelede hierdie aantygings weerlê.

Die Swart onderwys wat deur die Nasionalistiese regering van dr. DF Malan geërf is, het neergekom op 'n stelsel van gesubsidieerde sendingsskole, waarvan die meeste deur Rooms-Katolieke en Anglikaanse sendingstasies bedryf is. 'n Jaar na die Nasionale Party aan bewind gekom het, het dr. Malan die Eiselen kommissie aangestel om oor alle aspekte van Swart onderwys verslag te doen. Die Eiselen-verslag is in 1951 ter tafel gelê en dit is hierdie dokument wat die grondslag gevorm het vir dr. Verwoerd se Bantoe-onderwyswet No. 47 van 1953.

Die Eiselen-verslag het onder andere openbaar dat dit by sekere kerksskole 'n toelatingsvereiste was dat kinders gedoop moes wees, dat ouers nie by die skole betrokke was nie en dat meeste kinders nog nooit die binnekant van 'n klaskamer gesien het nie.

Die staat het onderwysposte geskep en die salaris aan die kerk oorbetal. Die kerk wat die onderwysers aangestel het, het in baie gevalle nie die volle salaris aan die onderwysers uitbetaal nie. Daar was selfs gevalle waar van die nonne en priesters geen vergoeding ontvang het nie, alhoewel hul salaris aan die kerk oorbetal was.

Die Europees-gebaseerde leerplanne het dit ten doel gehad om leerlinge van hul eie taal en kultuur te vervreem. Daar was nie sprake van inheemse tale nie! Alle onderrig was in Engels. Die skole is deur die gemeenskap op die kerkterreine opgerig maar het die eiendom van die kerk gebly.

In sommige gevalle was daar geen klaskamers nie want die gemeenskap moes bydra tot die bou van 'n kerk, wat ook as skool moes dien. Soos op Taung het vier onderwysers in die middel van die kerk gestaan en skree vir die 500 leerlinge. Op Mafikeng moes 25 000 skoolkinders in 56 klaskamers gehuisves word – die meeste het dus onder bome skool geëgaan.

Met die inwerkingtreding van die Wet op Bantoe-onderwys op 1 Januarie 1954 het dr. Verwoerd 'n nuwe bedeling geskep wat in alle opsigte tot voordeel van die Swart bevolking was. Die beheer van Swart onderwys is na die Minister van Naturellesake oorgeplaas. Binne weke nadat dr. Verwoerd Eerste Minister geword het, het onderwys 'n afsonderlike departement met sy eie minister geword. Die begroting vir Swart onderwys was sowat £13 miljoen (ongeveer R2,3 biljoen in vandag se terme), plus die totale £2 miljoen belasting betaal deur Swartes. Die bedrag kon verder aangevul word uit die staat se leningsrekening. Om addisionele fondse te bekom is in die stedelike gebiede 'n spesiale heffing vir die oprigting van skole by die erfbelasting gevoeg. In die tuislande is 'n stelsel ingevoer waar daar vir elke pond wat deur die gemeenskap bymekaargemaak is, 'n ekwivalente bedrag deur die staat bygedra.

Boere het 'n reuse bydrae gelewer deur met 'n subsidie van £120 per klaskamer plaasskole op te rig, en in baie gevalle ook behuising vir die onderwysers voorsien.

Kerkskole moes oor 'n tydperk van 4 jaar uitfaseer om plek te maak vir gemeenskapsskole. Die staatsubsidie vir kerk onderwysers se salaris is uitgefaseer oor die tydperk. Kerkskole het ook die opsie gehad om voort te gaan as privaatsskole.

Skoolkomitees en skoolrade is gestig om ouers te betrek by die onderwys; laasgenoemde bygestaan deur skoolraadsekretarisse, soos in die blanke onderwysstelsel. Landbou as skoolvak, asook landboukolleges is in die tuislande ontwikkel om die Swart gemeenskap te help om weg te beweeg 'n bestaanseconomie. 'n Sentrale onderwysadviesraad wat bestaan het uit vooraanstaande Swart mense is ingestel om die onderwysdepartement by te staan met die bepaling

van beleid. Talle nuwe poste vir Swart onderwysers, insluitend inspekteurs is geskep.

Voor die Wet op Bantoe-onderwys tot stand gekom het, was die kwalifikasies van talle onderwysers in swart skole so laag as standerd 2 plus drie jaar onderwysopleiding en standerd 6 plus twee jaar onderwysopleiding. Indiensopleidingsentrums is geskep waar ondergekwalfiseerde onderwysers op standaard gebring kon word terwyl hul, hul volle salaris gekry het.

Die twee amptelike landstale Afrikaans en Engels is verpligte vakke gemaak. Onderwysers is bemaatig deur spesiale kursusse in Afrikaans by die onderwyskolleges aan te bied om veral die onderwysers van Natal en Transkei te bemaatig.

Soos aanbeveel deur die Eiselen-kommissie is die internasionaal erkende beginsel van moedertaalonderrig vanaf substandaard A tot standerd 6 ingestel. Leerplanne, teksboeke en ander studiemateriaal vir primêre onderwys in die nege inheemse tale moes opgestel word. Dit was 'n reuse taak aangesien van die tale verskeie dialekte gehad het en daar moes nuwe terminologie geskep word vir vakke soos Rekeningkunde, Aardrykskunde en Wetenskap aangesien die terminologie nie in die Swart tale bestaan het nie. Ongeveer 10 000 terme in Afrikaans of Engels moes in die nege tale vertaal word.

In sekondêre onderwys is die twee amptelike tale as media gebruik tot tyd en wyl die Swart gemeenskappe self sou vra dat hulle eie tale die amptelike tale vervang.

'n Meningsopname oor die voorkeurtaal van onderrig, in sekondêre skole, onder al die swart beheerliggame het die volgende resultaat opgelewer (persentasies afgerond):

- 1) Afrikaans en Engels: 64%
- 2) Slegs Afrikaans: 5%
- 3) Slegs Engels: 31 %
- 4) Moedertaal: 1 %

Die beleid van Afrikaans en Engels as voertaal in die sekondêre skole het dus die Swart mense se eie voorkeur weerspieël.

Daar is nie van enige onderwyser verwag om 'n vak aan te bied in 'n taal wat hy nie magtig is nie. Die keuse van watter vakke in Afrikaans en Engels aangebied word is oorgelaat aan die skole.

Die klagstaat teen Verwoerd en die Afrikanernasionalis is dat die 1976 Soweto skool onluste primêr gegaan het omdat Afrikaans as voertaal in die skole gebruik was, asof dit die enigste taal was waarin die swart kinders onderrig was. In die lig van bogenoemde feite is dit totaal vals en wat ten hemele skree is die feit dat die twee skole wat dit voorhou met die onluste nie 'n enkele vak in Afrikaans aangebied vir die seniorertifikaat-eksamen nie.

Die elf onderwysdepartemente, met insluiting van die vier provinsiale departemente was verantwoordelik vir die opstel van die kernleerplanne. Die leerplanne van sub A tot standerd 8 (huidig graad 1 tot graad 10) kon aangevul word om die eiesoortigheid van die onderskeie bevolkingsgroepe te akkommodeer. Vir die laaste twee skooljare kon die swart skole kies tussen die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of die Departement van Nasionale opvoeding se leerplanne en eksamens. Dit was presies dieselfde as in blanke skole! Die bewering dat Bantoe-onderwys minderwaardig was is dus ook vals. Wat wel die standaard van onderwys bepaal het is wat in die klaskamers gebeur. Sonder nougesette bywoning en gedurige toetsing om vordering te bepaal kan 'n hoe standaard nie behaal word nie.

(Vervolg op bl. 5)

Sowetodag en die feite (vervolg)

Die hoogste prioriteit van die onderwysstelsel onder Verwoerd se leiding was om ongeletterdheid uit te wis. Weens die geweldige oormag van getalle was verpligte onderwys nie ingestel nie. Ouers wat hul kind inskryf moes hulself egter verbind dat die leerling vir vier jaar sou skoolgaan sodat 'n kind ten minste tot standerd 2 vorder. Dubbelsessies is ingestel vir sub A en sub B en skoolgeboue is deur twee skole in aparte oggend en middagssessies benut om die getal leerlinge te hanteer. Leesboeke wat gratis voorsien is moes elk deur twee leerlinge gedeel word.

Daar was 'n georganiseerde vyandige veldtog om die kinders se aandag daarop te vestig dat hul ouers ongeletterd is en dus nie bevoeg is om gesag oor die kinders uit te oefen nie. Die miskenning van ouerlike gesag het die pad oopgemaak om alle ander vorms van gesag uit te daag en te ondermyn, wat noodwendig gelei het tot 'n re-wolusionêre klimaat. Om die probleem aan te spreek het die regering saans vir die ouers onderrig aangebied. Binne een jaar kon sodanige volwassene vorder tot by standerd 2 en in die daaropvolgende jaar kon hul 'n standerd 6 kwalifikasie behaal.

Weens die opvoedkundige agterstand van die Swart leerlinge was dit aanvanklik geregverdig om die skooltermyn van dié leerlinge na 13 jaar te verleng. Dit het geleentheid geskep om die laarskoolkind beter voor te berei vir die hoërskool. Dit is later verander na 12 jaar wat opgedeel was in vier fases van 3 jaar elk.

Om die behoefte aan ambagsopleiding aan te spreek is tegniese sentrums vir metaalwerk, houtwerk, elektrisiteit, bouwerk en ander vakke gestig, in die stede en op die platteland. Dit was gedoen spesifiek om die aanvraag na ambagsmanne in die tuislande aan te vul. Soortgelyk as met die skole is die fasiliteite ook na ure aangewend vir opleiding van volwassenes. Die doel was om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die eie gebied, nie om weggelok te word na blanke gebiede nie.

Die Wet op Bantoe-onderwys met die gepaardgaande oorname van kerkskole het 'n geweldige negatiewe reaksie van die Anglikaanse biskoppe (Clayton, Alderson en Reeves) sowel as die Rooms-Katolieke aartsbiskop (Dennis Hurley) uitgelok. Hul invloedseer is drasties ingekort. Die Anglikaanse Kerk (St. Peter's) in Soweto het hul skool summier gesluit sonder dat daar 'n heenkome vir die leerlinge was.

Dr. Verwoerd het sy beleid oor Swart Onderwys op 7 Junie 1954 in die Senaat breedvoerig verduidelik. Hy het sy standpunt herhaal dat Swart mense gelei moet word om hul eie mense te dien in plaas van hul hoop daarop te vestig om in die blanke gemeenskapslewe opgeneem te word. Sy woorde "*daar is vir hom bokant die peil van sekere vorms van arbeid nie plek in die blanke gemeenskap nie*", is onmiddellik verdraai om aan te dui dat hy die oorgrote meerderheid van die bevolking wil verkneg. Nog 'n sinsnede wat selfs vandag nog buite verband aangehaal word om sodoende te bewys dat dr. Verwoerd 'n voorstander van minderwaardige onderwys vir Swart mense was, kom uit sy toespraak by die tweede lesing van die wetsontwerp in die Volksraad op 17 September 1953: "*Wat help dit om Matesis te leer aan 'n Bantoe-kind wat dit nie prakties kan gebruik nie?*". Die feit is dat Wiskunde wel 'n skoolvak in Swart skole was en die woorde van Verwoerd glad nie impliseer het dat dit nie aangebied sou word nie.

Dit word verswyg dat dr. Verwoerd ook gesê het dat daar vir die Swartman geen plafon sal wees nie. Hy het sy erns hiermee ver-



Sonder die gewraakte "Bantoe-onderwys" sou Suid-Afrika se Swart bevolking vandag oneindig slegter daaraan toe gewees het. Die probleem is dat hulle dié puik onderwysstelsel verwerp het en skole begin afbrand het as deel van die kommunistiese revolusie.

woord in Wet no. 45 van 1959 waarin eie universiteite vir elke bevolkingsgroep in die vooruitsig gestel is. Dit was 'n voortvloeisel van die Eiselen-kommissie wat bevind het dat bestaande universiteite min bydrae gelewer het tot die akademiese opheffing van die Swartes. Vyf nuwe universiteite is deur die regering tot stand gebring en dit moontlik gemaak vir die Swart studente om gevorderde akademiese kwalifikasies in hul tuislande te verwerf.

Hy het bewys dat dit vir hom erns is deur Wet no. 45 van 1959 waarin die beginsel van eie universiteite vir elke volk of bevolkingsgroep in Suid-Afrika beliggaam is.

* Dit is duidelik uit bostaande uiteensetting van Rousseau dat die werklikheid en die propaganda wat die Afrikanernasionalis in die beskuldigde bank plaas en daar probeer hou, hemelsbreed verskil en bewys dat die propaganda 'n leuen verteenwoordig. Dit is ooglopend dat dr. Verwoerd uit sy pad uit gegaan het om die swart onderwys wat deur die liberaliste van die onderskeie Engelse kerke bedryf was uit die modder te lig en te omskep in 'n menswaardige onderwysstelsel. Dit bevestig ook dat die Swart skoolkinders van Soweto deur rewolusionêre agitators gebruik is om 'n politieke standpunt te bevorder onder die dekmantel van Afrikaans as onderrigtaal in die skole. Net so is dieselfde agitators verantwoordelik vir die vernietiging van menige skoolgeboue en die agterstand wat die skoliere weens hierdie aksies opgebou het. Gemeet aan die standaard van die huidige onderwysstelsel is dit te betwyfel of die ANC/SAKP regime dieselfde vordering as Verwoerd sou kon maak as hul die onderwysstelsel van die Engelse kerke geërf het.

As Afrikanernasionaliste het ons 'n plig om hierdie leuen aan ons volksgenote uit te wys en hul te bemagtig met die feite rondom Bantoe-onderwys gedurende dr. Verwoerd se bedeling.

Sonder die gewraakte "Bantoe-onderwys" sou Suid-Afrika se Swart bevolking vandag oneindig slegter daaraan toe gewees het. Hulle het egter verkies om eerder die skole, wat verniet verskaf is en hoofsaaklik deur Blanke belastingbetalers gefinansier is, af te brand en dan die strate in te vaar en teen die wettige regering van die land te rebelleer.

JAAP MARAIS: DIE VERPERSOONLIKING VAN CHRISTELIKE AFRIKANERNASIONALISME

Tans word die Afrikanervolk stelselmatig van sy bestaansreg in sy eie vaderland gestroop. Dit noop dat daar opnuut gekyk word na die nalatenskap van mnr Jaap Marais, wie op 8 Augustus 2000 deur die dood van ons wegge neem is. Marais se nalatenskap en dié van dr H F Verwoerd, wie op 6 September 1966 deur 'n Kommunis vermoor is, is ten nouste verweef. Ten einde die Nuwe kommunistiese Suid-Afrika te kon inlui, moes dr Verwoerd uit die weggeruim word. Marais, wat deur dr Verwoerd "as sy beste LV" bestempel is, was die volgende struikelblok. *News Check* verwoord dit in 1969 as volg: "There is one man who stood out dangerously from the others ... He is Jaap Marais". Die ANB beskou dit as sy plig om die nalatenskap van hierdie grootse figuur te stel teenoor die verraderlike verloëning van Christelike Afrikanernasionalisme wat tot ons ondergang gelei het.

Daar kan gevra word, wat het Jaap Marais dan nou eintlik nagelaat wat in 2014 van enige waarde vir die beleërde Afrikanervolk kan wees? Boekdele kan daaroor geskryf word, maar dit is te betwyfel of iemand dit sal lees.

Die Afrikanervolk soek al vir dekades na 'n leier, kitsoplossings en deesdae ook 'n volkstaat om ons uit die verknorsing waarin ons ons bevind te red. As iemand tog net iets kan doen en gou ook, sodat ons net weer rustig kan voortgaan met ons alledaagse lewens.

Daar is geen begrip by die meerderheid Afrikaners waarom die ANC/SAKP/Cosatu-regime nie tevrede is met die hervormings wat reeds plaasgevind het nie en nog minder begrip daarvoor dat dit versnel gaan word! Daar word geredeneer dat dr Verwoerd en Jaap Marais se apartheidsstrewes mos nou dood is. Dat ons mos nou al voete gewas het en tot die dood toe gebieg het oor apartheid se sondigheid. Dat ons tradisionele kerke mos nou 'dood' en verenig is. Dat ons skole en universiteite oop is, so ook ons hospitale, ouetehuse, woonbuurtes en strande. Ons plase is 'oop'geplunder, ons beursies is oop en ons koppe word oopgeslaan in rooftogte. Van ons kinders het al verbaster en ander is landuit. Die staatsdiens is grotendeels gesuiwer van blankes en beroepsmense is met regstellende aksies uit die mark gedruk. Selfs ons sogenaamde vrygeborenes word steeds onder dieselfde kam geskeer as die hardebaard apartheidsgarde. Om alles te kroon, is ons afgodsport rugby met kwotas geteister en die einde is nog niet.

Jaap Marais het voor en veral na dr Verwoerd se moord, met onkraakbare moed elke moontlike poging aangewend om te verhoed dat die Afrikaners juis hierdie vernederende gebeure te beurt val. Hy het ten koste van sy eie briljante loopbaan, onder die moeilikste omstandighede en met die grootste geduld, aan hierdie wederstrewige volk probeer verduidelik wat die alternatiewe vir apartheid sou wees. Soos 'n profeet van ouds, het hy probeer om ons op die Christelike Afrikanernasionalistiese weg te hou, sodat ons rustig kon voortgaan met ons alledaagse lewens. Sy dogter, Marjorié, het haar vader se toewyding aan sy volk in sy begrafnisbrief as volg verwoord: "Ek het 'n pappa wat soveel op so vele maniere vir so baie mense selfloos met oorgawe en toewyding van homself kon gee om niks terug te hou nie en niks terug te verwag nie ...". Dit staan in skrilte kontras met die belonings wat sekere van die Nasionale Partyleiers en skynregses vir hul verraaiersrolle ontvang het, om nie eens te praat van die belonings en selfverryking na 1994 nie.

Is apartheid mensonterend?

Apartheid onder ander benamings het volgens David Welsh in sy boek, *The Roots of Segregation, Native policy in Natal*, reeds sedert die 1800's in dié Britse kolonie gefigureer. Dit is dus nie 'n eksklusiewe wrede en mensonterende Afrikaneruitvindsel nie, nog minder 'n

drakoniese uitvloeisel van Christelike Afrikanernasionalisme.

Nêrens in *Die Bybel* word apartheid genoem nie, tog spreek *Die Bybel* van ordelikheid. Apartheid is gebaseer op die Godgewilde verskeidenheid van volke asook die Godgewilde verskille tussen individue. In Suid-Afrika het die beleid van afsonderlike ontwikkeling of te wel apartheid, die grootste mate van vryheid en selfverwesenliking aan al die verskillende inheemse volke binne hul eie tradisionele gebiede beloof. Die blanke belastingbetalers het die voorgename tuislande/volkstate se konsoliderings-, administratiewe- asook ontwikkelingskoste gedra.

Grensnwyerhede is aangemoedig deur belastingtoegewings, sodat die werkers hul lone binne hul eie gebiede kon spandeer vir ontwikkeling van infrastruktuur aldaar, eerder as dat dit terug beland in die sakke van die werkgewers. Dit was juis een die redes waarom dr Anton Rupert, die drank- en sigaretmagnaat, gesê het dat "*Verwoerd must go*". Kort daarna is dr Verwoerd vermoor.

Ook was die gehalte van die landbougrond in van hierdie gebiede die beste in Suid-Afrika. Wanneer sodanige tuislande die wasdom bereik het om hul eie landsake en administrasie te behartig, kon volkome onafhanklikheid verkry word, soos in die geval van Transkei en Bophuthatswana. Die Xhosas het beide Transkei en Ciskei gekry. Al sou daar struikelblokke wees, wat kon mensonterend aan dié proses wees? Dit is dan presies wat die Afrikanervolkstaatsbepleiters huidig van die Zuma-regime wil afsmeek. Wat meer is, niemand het beswaar daarteen dat Swaziland deur Swazi's en Lesotho (voorheen Basoetoeland) deur Basoeto's regeer word nie. Is dit omdat die Britte dit vir hul in 1968 en 1966 onderskeidelik teruggegee het en nie die Afrikaners nie? Die Britte is die bewese grondrowers wat kinders, vroue, oumense én diere vermoor om hul doelwitte te bereik. Die Afrikaners het geen grond geroof of gesteel nie. Vir vreedsame naasbestaan was hul bereid om afstand te doen van grond.

Apartheid was 'n ordelike en regverdige stelsel, wat nie eise aan die inheemse bevolkings gestel het waaraan hul nie kon voldoen nie. Hulle is tyd gegun om teen hul eie tempo te ontwikkel en daarmee is hul gehelp. Na dr Verwoerd se moord, het adv Vorster en P W Botha apartheid afgetakel en is wysigings aan die tuislandgebiede aangebring, waardeur onmin ontstaan het. Ieder geval was daar soos met enige konsolidering, Swart sowel as blanke grond onteien, onder andere Port St Johns wat hewige blanke reaksie uitgelok het.

Voor dr Verwoerd se moord is al toegegee dat, Suid-Afrika "*a shining example of peace on a troubled continent...*" was en dat "*the nation was suffering from a surfeit of prosperity*". *The Financial Mail* het na dr Verwoerd se bewind verwys as "*The fabulous years: 1961-66*", Sharpeville en Mandela se Rivonia-verhoor ten spyt!

(Vervolg op bl. 7)

JAAP MARAIS: VERPERSOONLIKING VAN CHRISTELIKE AFRIKANERNASIONALISME (vervolg)

Jan Botha, wat geen vriend van dr Verwoerd was nie het geskryf dat, dr Verwoerd *"had launched the greatest programme of socio-economic upliftment for the non-Whites that South Africa had ever seen"*. Swartes se lewensstandaard in die industriële sektor het met 5,3% per jaar gestyg, teenoor die 3,9% van die blankes.

Getuienis van die goeie verhoudinge tussen dr Verwoerd en die verskeie inheemse volke is nie moeilik om te bekom nie. Bruno Mtolo, wat in die Rivonia-verhoor vir die staat getuig het, is maar 'n enkele voorbeeld. Ook was daar geen enkele klag by die Tutu Waarheids- en Versoeningskommissie teen die Verwoerders wat gestrek het vanaf 1958-1966, aanhangig gemaak nie.

Christelike Afrikanernasionalisme het die werklikhede van die Skepping in ag geneem en vir die inheemse volke gegun wat ons vir onself gegun het. Erkenning is verleen aan die oppergesag van God drie-Enig in die aanhef van die ou Suid-Afrika grondwet. Dit was die verwysingsraamwerk vir wetgewing. Dit het 'n ordelike samelewing tot gevolg gehad – die ou Suid-Afrika, waarvoor Jaap Marais sy lewe geoffer het en waarna almal terugverlang. Vele Swartes, Indiërs en Kleurlinge het al dieselfde versugting uitgespreek.

Die ou Suid-Afrika is destyds met 'n potloodkruis weggeteken en wat het ons in ruil daarvoor ontvang?

Menseregte

Menseregte alias vryheid, gelykheid en broederskap alias Kommunisme. Dit is wat apartheid vervang het en daarom is God drie-Enig uit die grondwet geskryf. God se oppergesag is met dié van die mens vervang. Genade soos uit *Die Bybel* geleer, figureer glad nie. Die enigste verwysingsraamwerk vir wetgewing in die nuwe Suid-Afrika, is die mate van vermeende verontregting as gevolg van apartheid en dit is subjektief. Die jagseisoen op Afrikaners is oop. Omdat mense verskillende ervarings van verontregting sou beleef het, is daar geen plafon of genade vir apartheidskuld ter sprake nie. Dit is waarom die doelpale telkens verskuif word. In die werkplek met regstellende aksie, in die regstelsel en oral. Clive Derby-Lewis is 'n sprekende voorbeeld. Die wet bepaal dat hy vir parool oorweeg word. Lewis is terminaal siek en was verskeie kere al oorweeg vir parool. Die paroolraad het sy parool onlangs goedgekeur, maar 21 jaar later neem Chris Hani se familie se pyn en haat eksponensieel toe en Lewis bly in die tronk. Vergiffenis en genade ontbreek geheel waar menseregte seëvier, die mens is god. Van gelyke behandeling voor die reg is daar ook nie sprake nie, vergelyk maar die vrylating van die "terminale" Schabir Shaik.

Soos Jaap Marais gesê het, wanneer Christelike beginsels ontbreek, is 'n politieke stryd 'n blote proses van uitoorleëry met die oog op mag en persoonlike voordeel.

Jaap Marais die verpersoonliking van Christelike Afrikanernasionalisme

Die uitleef van Christelike Afrikanernasionalistiese beginsels, te alle tye en onder alle omstandighede, is wat Jaap Marais en dr Verwoerd onderskei het van mede politici. Hieroor is Jaap Marais uit die Nasionale Party geskop en hieroor is hy ook ná sy dood deur die meerderheid HNP-lede in 2004 gerepudieer. Twee Maori's in 'n Nieu Seelandse rugbyspan in 1969 was verantwoordelik vir die eerste insident en 'n ongelowige pornograaf, dr Dan Roodt vir die tweede. Maak hierdie verraderlike optrede van sy mede partylede enige verskil aan sy nalatenskap? Nee, dié wat by die waarheid gestaan het in 2004, het dieselfde Christelike Afrikanernasionalistiese beginsels gekoester en ongeskonde in die ANB laat voortleef.

Dit bring ons terug by die vraag wat het Jaap Marais vir ons nagelaat wat in 2014 van waarde kan wees? Bly by die waarheid, te alle tye en onder alle omstandighede!

Die Afrikanervolk sal nie weer vry wees in hierdie land alvorens



Mnr. Jaap Marais, die grootste Afrikanernasionalis van sy tyd, is vanjaar op 8 Augustus reeds 14 jaar gelede oorlede.

die waarheid seëvier nie. Kort-kort word voelers na die ANB uitgesteek om deel te wees van 'n verenigde front. Tog, wanneer die versaking van Christelike beginsels (waarheid) ter sake kom, val dit plat.

Soos die Nasionale Party van ouds hulself oortuig het dat hul geen beginsels versak het nie, doen die HNP en die Afrikaner Volksparty presies dieselfde. Jaap Marais het gesê dat as jy beginsels versak is jy *"politieke skrot"*. Kort voor sy dood het Jaap Marais gesê, dat *"Een van die grootste probleme van die ander Afrikanerbemande partye is dat daar geen historiese figuur aan Afrikaans Nasionale kant is waarop hulle vir byvoorbeeld die 'volkstaat-ontvlugting', kan steun nie. In plaas van hulle dwaling te erken, wil hulle die HNP ook kry waar hulle is. Die HNP sal hom nie daartoe laat beweeg nie; hy sal die skakeling met die verlede lewend hou"* –

Is die haan nie al hees gekraai sedert 2004 nie?

Gesien ons gemeenskaplike leermeester, Jaap Marais, is die ANB, HNP en Afrikaner Volksparty histories gesien, die aangewese groep Afrikaners om 'n saambindende kern te vorm ter versterking van ons enigste redding – die uitbouing van Christelike Afrikanernasionalisme.

Bly by die waarheid, is die nalatenskap van Jaap Marais, of is dit te veel gevra? ■

JAAP MARAIS SE WAARSKUWING OOR DIE NUWE AANSLAG OP NASIONALISME

Niks gebeur ooit toevallig in die politiek nie. Dít was een van die heel belangrikste lesse wat ons as leerlinge by ons politieke leermeester, Jaap Marais, geleer het.

Op 28 Augustus vanjaar sal dit presies 10 jaar gelede wees dat die HNP, ná 'n stryd van 35 jaar, geskeur het weens verraad van binne sy eie gelede. Daarmee is die stryd van Jaap Marais ook effektief vernietig. Vandag weet ons verseker dat die proses van die vernietiging van die HNP, waarvan die grootste veldslag plaasgevind het tussen Januarie en Augustus 2004, geen toeval kan wees nie.

Ironies genoeg het Marais gewéét dat daar 'n aanslag op die HNP, en dus ook op Afrikanernasionalisme, sou kom. Hy het natuurlik nie geweet of hy nog daar sou wees om sy volk daarteen te beskerm nie en daarom het hy ons vooraf probeer waarsku daartoor.

Die volgende stuk is 'n uittreksel van 'n verbatim transkripsie uit 'n toespraak van Jaap Marais, gelewer op die HNP se Hoofbestuursvergadering van 17 Januarie 1998. Om dit nou weer te lees en dan die gebeure van 'n dekadende gelede in die geheue op te roep, is byna skrikwekkend.

As die les hiervan nie iets in u binneste roer nie, sal u nooit die stryd van Afrikanernasionalisme kan verstaan of kan voer nie. As dit u wel roer, veral as u die geskiedenis van 2004 – van Willie Marais en Dan Roodt en die skeuring van die HNP, die stigting van die ANB en die latere stigting van die Volksraad Verkiesingskommissie en die HNP se betrokkenheid daarby, sowel as by die verkose “Afrikaner Volsraad” daarna, in herinnering roep – is dit tyd om weer te besin oor u rol in die toekoms van die stryd van Afrikanernasionalisme.

Jaap Marais is aan die woord op 17 Januarie 1998, 20 maande voor sy dood:

“Ons moet 'n guerillastryd voer om eers die Afrikaners se selfrespek te herwin en vanaf die selfrespek wat ons herwin het, word Afrikanernasionalisme weer 'n bewegingsmag.

“Afrikanernasionalisme is die enigste mag wat 'n volk weer kan oprig om te vat wat hom toekom en te wees wat hy deur die geskiedenis gemaak is. Ons probleem is dat met ons verswakking en verdeeldheid het ons te doen met die gedurige aandrang dat daar Afrikanereenheid moet herstel word. Die eenheid waaroor die mense begaan is, is net een soort eenheid – politieke eenheid. Want as gevolg van die verlies van die politieke eenheid het ons die politieke mag verloor. Ons verdeeldheid word gereflekteer in ons politieke onmag en nou wil die mense hê daar moet eenheid wees om die Afrikaner weer 'n mag te maak. Dit is onmoontlik om eenheid te bewerkstellig met die verraaiers wat daar is. Daar is geen sprake van Afrikanereenheid met hierdie verraaiers nie! En die resep om te pleit vir Afrikanereenheid, net soos die Afrikaner Volksfront – daar moet nou 'n oorkoepelende organisasie tot stand kom wat in naam van alle Afrikaners kan praat.

“My taal kan nooit verteenwoordig word deur die taal van hierdie verraaiers nie, maar dit gaan weer die poging wees, net soos met die Afrikaner Volksfront. Ek kan nou maar vir u sê, tussen Kersfees en Nuwejaar moes ek 'n afspraak inpas met die hoof van Radio Hoogland. Dit is die Vrystaatse Landbou-unie se radiostasie in die Vrystaat, en die hoof van daardie radiostasie is Kolie van Coller, vroeër van die SAUK. Hy en 'n ander man van Radio Hoogland was by my gewees met nêr één ernstige pleidooi: ‘Sal ek bereid wees dat ons nou 'n oorkoepelende organisasie stig wat in naam van alle Afrikaners kan praat?’ En dan moet u besef wat die feite is. Die Transvaalse Landbou-unie wat gebruik was vir die stigting van die Afrikaner Volksfront – Dries Bruwer – is nou daar uit. Hulle kan nie nou meer die Transvaalse Landbou-unie gebruik nie, want Gert Ehlers, wat nou president is, is 'n HNP-man. En nou wil hulle die Vrystaatse Landbou-unie gebruik om dit te loads. Dit is waarom Kolie van Coller by my was. Ons het 'n lang gesprek gehad en toe hy nou sien hy maak nie hond haar-af nie, toe het hy vir my gevra: ‘Is daar

iets wat ek aan die hand kan gee wat ons kan doen om Afrikaners bymekaar te kry?’ Toe sê ek: ‘Man, laat ons 'n gesprekforum kry waar al hierdie Afrikanerleiers bymekaar kan kom en teenoor mekaar hulle standpunte stel, daaraan sou ek deelneem.’ Toe sê hy, nee, maar dit klink vir hom goed. Toe sê ek, goed, hoe gou kan jy aan die gang kom? Maar toe sê ek vir hom aan die end, kyk ons moet darem 'n agenda hê vir so 'n ding. En die agenda wat ons moet hê om mee te begin is, wat is die aard en inhoud van Afrikanernasionalisme. Toe sê hy, nee, dit klink vir hom goed. U kan aanneem dat daar sal waarskynlik baie min van kom, maar dit is die eerste flits van 'n nuwe veldtog om weer die HNP betrokke te kry by 'n poging van eenheid. Want as ons dan nou nie daarby ingaan nie om te sê ons is mense wat in die pad staan van eenheid en die belangrikste feit in verband, of laat ek dit sê – dis nie net dit nie. Hierdie is die blaadjie van die Vryheidsfront ‘Frontnuus’ van Desember. Hierin is die toespraak van Constand Viljoen waarin hy sê eendragtigheid moet van onder af groei en leiding moet van bo af kom. Hy het bygevoeg dat daar altyd politieke verskille en partye sal wees. Dit is demokraties, dit hoort so, maar daar moet politieke volwassenheid kom. Viljoen se mening is dat politieke hergroeperings voor 1999-verkiesing die volk sal moed gee – politieke hergroepering. So, u kan sien, u kan in die klip gaan kap, dit is waarmee ons te doen gaan kry, hulle gaan kom met 'n resep om weer vir ons te sê ons moet nou een wees, en dan is dit net 'n lokval om die HNP te ontman. En die dinge waaroor ek u baie ernstig wil waarsku, is die metode wat hulle gehad het by die Afrikaner Volksfront.” ■

Besoek gerus die ANB se webwerf by:

www.anbsa.co.za

ANB KONTAK BESONDERHEDE

Indien u enige verdere inligting verlang kontak gerus enige van die ANB Dagbestuurslede.

- Johann Grobler (Voorsitter) - Tel (014) 763-3920
- Carel vd Grijp (Ondervoorsitter) - Tel 081-501-6696
- Emil de Villiers (Penningmeester) - Tel 083 417 7311
- Jannie Brink (Sekretaris) - Tel (011) 787-7895
- Faks (011) 787-8312
- Gerhard vd Grijp (Addisionele lid) - Tel 082 463-2125

Rig alle korrespondensie aan:

**Die Sekretaris,
Afrikaner Nasionalistiese Beweging
Posbus 293,
Ferndale, 2160**

e-pos: Nasionalis@vodamail.co.za

Webwerf: <http://anbsa.co.za>

DONASIES

Donasies is welkom en kan inbetaal word in die ANB se bankrekening by **Eerste Nasionale Bank.**

Rekeningnommer: **6207 397 999 3**

Thabazimbi. (Takkode **26 03 46**)